e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

13 Oktober 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 34

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Buitengewone Algemene Kerkvergadering

Daar is die afgelope weke en maande baie gepraat en veral gebid dat die Heer van die kerk ons Kerk genadig sal wees as ons in die Buitengewone AKV bymekaar kom om te herbesin oor die apartheidsbesluit wat die 69ste AKV geneem het en spesifiek oor die vraag of daar dwaalleer in die Hervormde Kerk is.

Die Heer van die Kerk wás ons genadig. Die vergadering het in 'n groot mate rustig en kalm verloop. Daar is met groot geduld geluister na alle kante en na ander se standpunte. Daar is debat gevoer soos dit Christene betaam wat van mekaar verskil maar wat begryp wat dit beteken om broers en susters van mekaar te wees omdat ons God as Vader het. Die debat het hoogtepunte van teologiese diepgang gehad. Verder was apartheid steeds prominent in die debat aanwesig – 'n bewys daarvan dat dié saak vir baie steeds rou in die emosie lê.

Die groot stap vorentoe is egter die feit dat die vergadering bereid was om werklik na die beswaardes te luister en om op grond daarvan te herbesin en sy vorige besluit te herformuleer. Die duidelikste voorbeeld van so 'n bepaalde gesindheid wat agter die nuwe besluit lê, is die feit dat die inisiatief daarvan uitgegaan het van die vorige vier voorsitters van die AKV, te wete prof Bart Oberholzer, dr Daan van Wyk (sr), prof Theuns Dreyer en prof Johan Buitendag. Die Hervormde Kerk ken dié vier leiersfigure as onafhanklike denkers wat ten opsigte van hulle standpunte oor apartheid van mekaar verskil. Ook oor teologiese sake is daar sekerlik verskille tussen hulle. Tog kon hulle daarin slaag om die verskille agterop te stel en ter wille van die eenheid en voortgang van die Kerk saam 'n voorstel in te dien. Dit geld ook redelik ingrypende toegewings wat deur die aanvanklike voorstellers van Beskrywingspunt 54 gemaak is.

Wat verder van besondere belang is, is dat die vergadering besluit het daar is nie dwaalleer in die Hervormde Kerk nie. Daar was genoeg geleentheid om die vergadering te oortuig indien dit wel die geval is. Daarmee het die Hervormde Kerk 'n duidelike sein na binne en buite gestuur: In die Hervormde Kerk is daar nie dwaalleer nie en dit sal ook in die toekoms nie geduld word nie.

Ten spyte van die feit dat die Kerk bevestig het dat daar nie dwaalleer in die besluit oor Beskrywingspunt 54 is nie, het die vergadering tog meriete gesien in van die sake wat deur die beswaarskrif op die tafel geplaas is. Byna al die sake wat deur die beswaarskrif as problematies aangedui is, is in die nuwe besluit weggelaat of geherformuleer. Die besluit fokus in die eerste plek nie op apartheid as sodanig of op mense se standpunte oor apartheid nie, maar op die toepassing daarvan. Verder bevestig die besluit dat die Kerk verkeerd opgetree het deur die beleid teologies te regverdig.

Oor die bogenoemde gesindhede en optredes is daar by die Hervormde Kerk diepe dankbaarheid. Die besluite weerspieël 'n gesindheid van ampsdraers en lidmate wat inskiklik is en nader aan mekaar wil beweeg. Mag ons genade ontvang om soos ons voorgangers onsself te verloën, ons kruis op te neem en in die voetspore van Christus te volg.

Terselfdertyd wil die Kerk nou graag die saak oor apartheid afsluit en die uitdagings van kerkwees in die huidige tydsgewrig tegemoet tree. Mag die Heer van die Kerk ons ook daarin genadig wees.

Dr Daan van Wyk (jr)
Voorsitter: Kommissie van die AKV

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

Prop Andries Scholtz

Prop Pieter le Roux

- **Ds Riaan Botha** van Steelpoort na Standerton
- **Ds Frans Marais** van Grootvlei na die Grootfontein/Tsumeb-kombinasie
- **Prop Andries Scholtz** na die Kuruman-kombinasie (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Prop Pieter le Roux** na Heidelberg

Beroep bedank

Ds Larry van der Walt

- **Ds Petrus Harmzen** van Hartbeesfontein na Ermelo-Suid
- **Ds Frans Marais** van Grootvlei na Newcastle
- **Ds Larry van der Walt** (beroepafwagtend) na Alberton (deeltyds)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Werner Venter** van Gemeente Schoemansdal **se vader** is op Saterdag 8 Oktober oorlede. Ons innige simpatie gaan aan ds Venter en sy familie.

Ds Theo Janse van Nieuwenhuizen

- **Ds Theo Janse van Nieuwenhuizen** van Gemeente Witfield is in die hospitaal opgeneem vir mediese toetse om vas te stel waarom sy suikervlak so hoog is. Ons wens hom spoedige beterskap toe.

- **Dr Fanie Pretorius** se kleindogter Nicola is op Vrydag 7 Oktober gebore. Baie geluk aan die trotse ouers en grootouers!

- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Oktober**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 13 Oktober: Di Andries Alberts (emeritus) en Elmien Oosthuizen (Polisiekapelaan)
  - Vrydag 14 Oktober: Dr Adriaan Neele (buiteland)
  - Sondag 16 Oktober: Ds Sonia van Wyk (Wolmaransstad)
  - Maandag 17 Oktober Prof Jan Barkhuizen (emeritus)
  - Dinsdag 18 Oktober: Di WP Prinsloo (emeritus), Kiewiet van Deventer (Malelane) en Johan van Staden (Sionspoort)
  - Woensdag 19 Oktober: Ds Hein Kloppers (Krugersdorp-Oos/ Noordrand)
  - Donderdag 20 Oktober: Ds Gert van Jaarsveld (emeritus)
  - Vrydag 21 Oktober: Ds Jan Grobler (emeritus)

- Die **volgende vergaderings** vind tot 24 Oktober plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 14 Oktober: Kommissie van die AKV
  - Saterdag 15 Oktober: Kommissie van die ADV
  - Maandag 17 Oktober: Raad vir Regsadvies
  - Vrydag 21 Oktober: Finkom van die Ondersteuningsraad

- Saterdag 22 Oktober: Komitee vir Ouderlinge
- Maandag 24 Oktober: Raad vir SENTIK

- **Gemeente Pietermaritzburg** benodig predikante om een of meer **eredienste** te lei gedurende **Oktober, November en Desember**. Kontak ds Frans Ras by 082 416 3922 of **fhras@worldonline.co.za**, of Ilze Vorster by 082 302 2569 of **nhkpmb@gmail.com**.

- **Gemeente Magaliesmoot** benodig die dienste van **'n orrelis** wat die begeleiding tydens oggenddienste kan waarneem. Diensaanvaarding 1 Desember 2011. Die gemeente is geleë tussen Pretoria en die Hartbeespoortdam. Kontak ds David Barnard by 083 441 1789.

- Teken voor die einde van Oktober per SMS in op *Konteks*, en wen 'n gratis webblad vir die gemeente! Die gemeente wat gedurende Oktober die meeste SMS-intekeninge vir *Konteks* 2012 stuur, wen 'n gratis webbladontwerp van Delitech IT solutions (**www.delitech.co.za**). *Konteks* kos in 2012 R140 vir 10 uitgawes, en intekenaars se volkleurtydskrifte word maandeliks na die gemeente-adres gepos. Teken in deur 'n SMS met die volgende formaat na 45633 te stuur: "NHK Gemeentenaam Intekenaar" (bv NHK Philadelphia GJ du Toit). Let daarop dat elke SMS met NHK (*in hoofletters*) móét begin. Elke SMS kos R1,50. Die gemeente wat die gratis webblad wen, sal aan die begin van November in die *e-Hervormer* aangekondig word.

- Die **nuwe NHSV-dagbestuur** sien soos volg daaruit:
  Voorsitter: Mev Tessa Coetzer
  Sekretaris: Mev Annali Venter
  Tesourier: Mev Mari-lizé Beukes
  Visevoorsitter: Mev Yvette Otto
  Visesekretaris: Mev Adri Botha
  Visetesourier: Mev Sanet van Wyk

- **NHSV beurse en lenings 2012.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R2 000 tot R6 000. Aansoekvorms kan aangevra word van 012 325 0117 of **nhsvadmin@nhk.co.za**. Besoek ook die webwerf **www.nhsv.co.za**. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2011**. **Geen laat aansoeke word aanvaar nie.** Kontak die NHSV-kantoor vir meer inligting.

- **Beurs beskikbaar vir Hervormde student.** 'n Lidmaat van Gemeente Potchefstroom Die Wilge wil graag 'n (behoeftige) student help. Die beurs behels studiegelde, inskrywingsfooie en verblyf; die student is verantwoordelik vir sakgeld, aankoop van boeke, vervoer, klerasie, persoonlike benodigdhede, kos, ensovoorts.
  Universiteit: Noordwes-Universiteit (Pukke).
  Rigting: LLB-studente sal voorkeur geniet.
  Vereistes: Dissipline en prestasie (die beurs verval met die eerste druipvak).
  Aansoeke en navrae aan ds Jaap Steenkamp by **jaapsteenkamp@nhk.co.za**; dit moet vergesel wees van die laaste twee jaar se skoolrapporte/puntestate, 'n CV, 'n motivering, en 'n getuigskrif van 'n leraar of begeleidende brief van die kerkraad.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante** (VTT) vind op **Dinsdag 8 en Woensdag 9 November** plaas. Die tema is *Toekoms, Kerk en waagmoed*. Die kursus, wat om 09:00 begin, word by Gemeente Wapadrant aangebied en die koste beloop R300 per persoon. Stel mev Betsie Brits asseblief **voor 25 Oktober** in kennis indien u die kursus wil bywoon: per e-pos by **betsie.brits@up.ac.za** of per faks by 012 420 4303.

U word vriendelik versoek om die registrasiefooi vooraf elektronies of per bankdeposito te betaal. Die bankbesonderhede is soos volg:
Kerkgeld vir Kerkwerk
ABSA
Rekening nr 020 149 752
Kode nr 63 20 05
Verwysing: 2013K VTT gevolg deur die naam van die kursusganger

- **TOEGEPASTE BERADINGSKOLE VIR LERAARS EN TEOLOGIESTUDENTE**
  Gedurende November
  Kry 5 dae se beradingsopleiding in bedieningspraktyk
  Verdiep jou vermoë om gemeentelede met berading te ondersteun
  Aangebied deur Applied Counselling and Development Institute of SA
  Stuur e-pos na **contact.acdisa@gmail.com** vir meer inligting

Konserte en feeste

- **Vrydag 14 Oktober: Gemeente Bronkhorstspruit: Orreluitvoering**
  Dié orrel is vanjaar 40 jaar oud!
  Kom luister na die pragtige klanke van hierdie 3-manuaal orrel
  Orrelis prof Wim Viljoen
  Kerkgebou, Charl Celliersstraat, Bronkhorstspruit
  19:00
  Toegang gratis
  Kontak Gerda Theunissen by gemeentekantoor 013 932 2929
  of orrelis Wilma Pretorius by 013 932 0720 of 082 806 1627

- **GEMEENTE RICHARDSBAAI FONDSINSAMELINGSPROJEK**
  Vrydag 28 Oktober en Vrydag 4 November
  Toneelstuk *As ons twee eers getroud is...*
  Die gemeente se nou al bekende en berugte toneelspelers
  gaan weer almal se lagspiere tot die uiterste beproef!
  Kerkgebou: hv Krewelkring en Moorish Idol, Meerensee
  28 Oktober @ R100 per persoon
  4 November R1 200 per tafel – 10 persone per tafel (vir besighede)
  Kontak Veronica Coetzer by 072 130 8608 of 035 753 4860

- **Sondag 30 Oktober 17:00: Gemeente Wesmoot: Saamsingfees**
  Saam met Hendrik en Marinda
  Kerkgebou, hv Hjalmer- en Attiestraat, Booysens
  Toegang gratis
  Navrae aan ds Fanie Beukes by 012 377 3736 of **faniebeukes@yahoo.com**

- **ALLEN KERKORRELS**
  Na 40 jaar van digitale klank –
  steeds die leier in orrelbou
  Skakel ons vandag vir ’n gratis demonstrasie
  Tel 012 991 4930
  Faks 086 667 4680
  Sel 079 497 2647

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 14 Oktober: Gemeente Bronkhorstspruit: Gholfdag**
  Bronkhorstspruit Gholfklub
  4-bal beterbal met ’n *scramble*-dryf
  Afslaan 11:00 met ’n *gunshot*-begin

R250 per speler
Borg ’n putjie teen R2 000 vir 4 spelers en adverteer u produk/besigheid
Groot pryse te wen
Kontak Attie Botha by 083 627 4263

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Hartebeeshoek: Fonteinedal Lenteloop: Saterdag 29 Oktober**
  Hekke open 06:00 en ons begin 07:00 stap
  Bring jou man, kind, vriende en beste vriend aan ’n leiband saam
  Kaartjies: 5km R20 en 10km R25
  Prystrekking met kontantpryse
  Te koop: vetkoek en maalvleis; pannekoek; koffie, tee en koeldrank
  Kontak Elma Williams by 082 562 5244
  of Estelle Bezuidenhoudt by 072 882 9922

Basaars en markte

- **Saterdag 29 Oktober: Gemeente Kruin: Lekker Karnaval**
  hv Steinmann- en CR Swart-straat, Wilropark, Roodepoort
  Al die tradisionele basaarlekkernye
  Met groot **POTJIEKOSKOMPETISIE**
  Almal welkom
  Navrae aan Poppie J van Vuuren
  011 768 6831 (08:00 tot 13:00) of 083 293 2718

- **Saterdag 5 November: Gemeente Koster: Kersmark**
  09:00 tot 14:00
  hv Sauer-, Union- en Merrimanstraat
  Verskeie handgemaakte produkte en gebak
  Teetuin
  Uitstallers bespreek voor 15 Oktober
  Kontak Paula by 082 585 7487 of Grieta by 082 945 2828

- **Saterdag 17 Desember: Gemeente Wesmoot: Christusfeesmark**
  By Makro Wonderboom
  Stalletjies teen R200 – bespreek nou reeds
  Kontak Carla Greyling by 082 376 9239
  Met Lance James, Rodeo Girls, Hendrik Britz en Miranda
  Toegang gratis

- **Saterdag 28 Januarie 2012: Gemeente Nelspruit**
  Maroelafees en Buitelewe-ekspo
  Beplan nou reeds!
  By Nelspruit Rugbyklub
  In hoogseisoen van die maroela
  Van 08:00 tot laatmiddag
  Toegang gratis
  Gesinsvermaak
  Verskeie maroelaprodukte, geregte, reseptebeoke te koop
  Uitstallings van woonwaens, tente, kampeertoerusting, veldvoertuie, kragopwekkers
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455 vir meer inligting

ANDER NUUS

- **Die Ondersteuningsraad beskik oor die volgende vakatures**:
  - Programbestuurder; mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk;

vorige bestuurservaring sal ’n aanwins wees; area Rustenburg/Potchefstroom/ Klerksdorp
- Maatskaplike Werkers (x3); areas Tarlton, Krugersdorp en Brakpan
- Maatskaplike Hulpwerkers; areas Krugersdorp, Klerksdorp en Vanderbijlpark

Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **DOKKIES OPVOEDKUNDIGE TRUST. Beurse vir onderwysersopleiding vir 2012.** Die Dokkies Opvoedkundige Trust sal finansiële steun oorweeg aan geselekteerde voornemende studente vir opleiding as onderwysers, vir indiensopleiding en verdere opleiding van gekwalifiseerde onderwysers, en vir geselekteerde, goedgekeurde opvoedkundige projekte. Voornemende aansoekers kan by die Sekretaris, Dokkies Opvoedkundige Trust, Privaatsak X01, Umbilo 4075 of by faks nommer 031 261 9000 aansoek doen om ’n prospektus en aansoekvorms. Aansoekers kan ook ’n e-posadres verskaf, of die webblad **www.dokkiestrust.za.org** besoek om dokumente af te laai. **Aansoeke vir 2012 sluit op 30 Oktober 2011.**

- Ondersteun **Beeld-Kinderfonds,** maak ’n donasie van **R25 of meer**, en wen dalk een van 3 pryse: ’n Peugeot 207 Urban 1.4 5-deur; ’n luukse skeepsreis vir 2 persone, 11 nagte aan boord van die MSC Melody na Madagaskar en Réunion (slegs akkommodasie, etes en vermaak); of 7 nagte vir 10 mense (6 volwassenes en vier kinders) in ’n villa by Go Wild Strandoord, Mosambiek (moet geneem word van 15 Januarie tot 15 Junie 2012, afhangende van beskikbaarheid). Die kompetisie sluit op 6 November. SMS **PEUGEOT** na **32541** teen R25 per SMS. Meer as 10 000 kinders word jaarliks gehelp met die fondse. Bydraes aan Beeld-Kinderfonds is belastingaftrekbaar!

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R114 per plasing. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Ons as gesin wil net die AKV van 4 en 5 Oktober 2011 Gods rykste seën toebid. Ons bid dat die vergadeing sal doen soos prof Theuns Dreyer geskryf het. Mag al die afgevaardigdes eensgesind Gods wil aanvaar. Groete in Christus.”

Tom en Isie Steyn

(Baie dankie aan ons lesers vir al die goeie wense vooraf – Redaksie)

AGTERBLAD

MEDIAVERKLARING
5 Oktober 2011

Die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het op 4 en 5 Oktober 2011 vergader om ’n beswaarskrif teen die besluit waarmee die 69ste Algemene Kerkvergadering die teologiese regverdiging van apartheid verwerp het, te bespreek, en om te besin oor die Kerk se pad vorentoe.

Die beswaarskrif wat op 22 November 2010 aan die Kommissie van die AKV oorhandig is, is in elke opsig met ’n groot meerderheid deur die vergadering afgewys. Die vergadering het bevind dat die besluit oor Beskrywingspunt 54 van die 69ste AKV nie ’n nuwe leer in die Kerk indra nie.

Die vergadering het ook die volgende nuwe besluit geneem en daarmee die Kerk se saak met apartheid afgehandel: *Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verklaar dat die politieke beleid van apartheid wat toegepas is in die Republiek van Suid-Afrika, nie teologies geregverdig kan word nie, en herroep hiermee alle goedkeurings in die verlede van die beleid in uitsprake deur die Kerk en namens die Kerk. Dit was in stryd met die evangelie van Jesus Christus.*

Daarmee saam het die Kerk besluit om voortaan met passie en oortuiging aandag te gee aan die sake wat die essensie van die Kerk se dienswerk uitmaak. Dit sluit sake soos gesins- en jeugbediening in.

Boodskap aan die kinders in die Kerk

Die Buitengewone Algemene Kerkvergadering is ’n vergadering van dominees en ouderlinge wat lank gepraat het oor belangrike sake van die verlede wat ook vir vandag betekenis het. Maar ons besef die verlede is verby en vandag se tyd hardloop uit. Voor ons lê die toekoms. Wanneer ons plekke leeg is, moet julle ons plekke vol staan in die Kerk en in gemeentes. Julle is vir God en vir ons belangrik. Ons wil hê dat julle ook vir God en die Kerk van Jesus Christus sal lief wees. God gee ons almal hoop, en ons wil julle help om ook Jesus se getuies in hierdie wêreld te wees. Ons bid vir julle.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Drr Frikkie Labuschagne en Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx